SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 18 OKTOBER 2020

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

'N NUWE 70 SM REKORD OPGESTEL

DIE IARU STREEK 1 VIRTUELE KONFERENSIE HIERDIE WEEK GEHOU

en

DIE CQ WW DX ESB KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van drie stil sleutels:

Dit is leedwese dat ons aankondig dat die sleutels van Sias van Deventer, ZS3SI; Gerry Pieterse, ZS6GER en Gary Potgieter, ZS5NK stil geword het.

Sias van Deventer, ZS1SVD / ZS3SI is op Maandag 27 Julie 2020 oorlede nadat hy 'n hartaanval gehad het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy seun Sian, ZS3TX, familie en vriende.

Gerry Pieterse, ZS6GER is op Vrydag 9 Oktober kort na sy 75ste verjaardag oorlede. Gerry was 'n bekende joernalis en het sy loopbaan begin deur die oorlog in Vietnam te dek. Hy het jare in New York gewoon waar hy by die New York Times gewerk het voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het. Hy kon op die luggolwe met 'n Amerikaanse aksent gehoor word, hoewel sy huistaal Afrikaans was. Ons betuig ons innige meegevoel met sy suster, familie en vriende.

Gary Potgieter, ZS5NK is op Sondag 11 Oktober oorlede. Gary was 'n stigter en erelewenslid van die Highway Amateurradioklub, sowel as 'n stigterslid en voormalige president van die Antieke Draadloos Vereniging. Hy was 'n ware ambassadeur vir die stokperdjie en sy liefde vir DX en buis radio het hom onderskei van die skare en hy was altyd bereid om nuwelinge in die stokperdjie te help om DX te werk. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Barbara, familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE NARS IS GESLUIT OP MAANDAG 19 OKTOBER

Die kantoor by die NARS is op Maandag 19 Oktober vir sake gesluit. Kelley sal weer Dinsdag 20 Oktober op kantoor wees.

'N NUWE 70 SM REKORD OPGESTEL

Paul, ZS6NK het SARL Nuus in kennis gestel dat 'n nuwe rekord op 70 sm opgestel is. Op Vrydagaand 16 Oktober om 18:06 UTC het Tom, ZS1TA in JF95EX 'n kontake met Gary, ZD7GWM in IH74DB op 70 cm FM gemaak. Die afstand tussen die twee stasies is 3 136,7 km. Welgedaan Tom en Gary!

DIE IARU STREEK 1 VIRTUELE KONFERENSIE HIERDIE WEEK GEHOU

Die 2020 IARU Streek 1 Algemene Konferensie is om 07:00 UTC op Sondag 11 Oktober geopen, met 47 Lidverenigings wat die konferensie bygewoon het en drie Lidverenigings wat hul volmag ingehandig het. Daar was net meer as 200 afgevaardigdes en waarnemers van hierdie 43 Lid verenigings en die IARU bestuur. Die 5 komitees het gedurende die week na 87 Referate gekyk. Die SARL Referaat oor die Geraas Moniterings projek is goed ontvang in C7 - EMC en daar is aanbeveel dat die SARL en DARC met hul werk voortgaan.

Daar was 'n baie positiewe reaksie op die SARL Tegnologie Werkgroep Referaat en 'n sub-komitee is ingestel om te werk aan die omvang en opdrag. Hans, ZS6AKV sal die SARL verteenwoordiger wees. 'n Komitee is saam gestel vir die registrasie van Morse-kode as 'n ontasbare kulturele erfenis en Dennis, ZS4BS, is die SARL-verteenwoordiger.

Die Finale Voltallige vergadering is op Vrydag 16 Oktober gehou en het om 07:00 UTC begin. Daar was 60 aanbevelings van die vyf komitees, waarvan een aanbeveling terug getrek is en 58 aanbevelings deur die vergadering aanvaar is. Dennis, ZS4BS is herkies as die Streek 1 HF Baken Koördineerder vir die volgende drie jaar.

Nico, ZS6QL bedank die SARL-span vir hul tyd en insette gedurende die konferensie, dankie aan Hans, ZS6AKV; Rassie, ZS1YT; Guy, ZS6GUY; Brian, ZS6YZ; Anton, ZR6AIC; Nick, ZS1N; Phillip, ZS6PVT; Koos, ZR6KF; Dave, ZS2DH en Dennis, ZS4BS. Daar sal 'n verslag in die November Radio ZS wees.

DIE AUGUSTUS RADIO AMATEUR EKSAMEN

Alle lisensies vir kandidate wat die RAE van Augustus geslaag het, is deur OKOSA uitgereik. Die lisensies en sertifikate sal binnekort deur die SARL-administrateur per e-pos aan alle kandidate gestuur word. Daar is 117 lisensies wat uitgereik is, dus wees geduldig, jy sal jou lisensie en dokumentasie mettertyd ontvang.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE IARU-ADMINISTRATIEWE RAAD BESPREEK 'N WYDREIKENDE AGENDA IN SY VIRTUELE VERGADERING

Die Internasionale Amateur Radio Union Administratiewe Raad (AC) het op 8 tot 10 Oktober in 'n virtuele sitting vergader. Die EMC-koördineerder Martin Sach, G8KDF het berig dat daar werk gedoen word om die behoefte aan redelike standaarde aan te spreek om die toenemende bedreiging van radio spektrum besoedeling deur digitale toestelle en draadlose krag oordrag te beperk. IARU Baken-projek koördineerder Peter Jennings, AB6WM / VE3SUN het verslag gedoen oor die status van die NCDXF/IARU-baken-netwerk, waarin hy onlangse en beplande opgraderings, asook die vele toepassings van die netwerk, verduidelik het.

In sy verslag beskryf satelliet adviseur Hans Blondeel Timmerman, PB2T, die werk van die satelliet frekwensie-koördinerings paneel. Hy het gerapporteer dat stappe gedoen word om die groeiende aantal nie-amateur-satelliete wat amateur satelliet spektrum gebruik, aan te spreek. Spesiale adviseur vir nood kommunikasie Rod Stafford, W6ROD, het sy werk met die IARU in die ITU-ontwikkeling sektor (ITU-D) uiteengesit, veral met betrekking tot ramp kommunikasie en die Voorbereidings vir die Wêreld Telekommunikasie Ontwikkelings konferensie vir volgende maand. Hy benadruk die geleentheid om amateur radio in ITU-D as 'n opleidings platform vir jeugdiges te bevorder.

Daar is reeds voorbereidings getref vir die Wêreld Radiokommunikasie konferensie 2023 (WRC-23) van die Internasionale Telekommunikasie-unie (ITU), wat tans na verwagting in 2023 gehou sal word. 'n Span van ongeveer 20 IARU-vrywilligers van alle vastelande is besig met die voorbereidings prosesse van die ITU en die plaaslike telekommunikasie-organisasies. Die AC het 'n konsep van IARU se standpunte oor WRC-23-agendapunte bespreek.

'n Komitee is in 2019 saamgestel om die toenemende druk op amateur spektrum, veral sekondêre toekennings, teen 144 MHz en hoër aan te spreek. Die paneel het verslag gedoen oor sy werk tot dusver om die huidige en toekomstige spektrum vereistes te definieer. Verdere inligting sal van die amateur gemeenskap verkry word oor hoe hierdie spektrum benut word.

KOMPETISIE NUUS

Die CQ WW DX ESB kompetisie sal die naweek van 24 en 25 Oktober oorheers, vind die reëls by https://cqww.com/. In 'n jaar waarin die reis na interessante vermenigvuldigers beperk word, is daar miskien minder vermenigvuldigers, maar verwag dat die tendens dat meer algehele stasies op die lug sal wees, voortduur. Aktiwiteit is op 160, 80, 40, 20, 15 en 10 meter. Die uitruiling is 'n RS-verslag en jou CQ-sone - vir Suid-Afrika is dit Sone 38.

Die gesamentlike uitslae vir die twee SARL BHF/UHF digitale kompetisies van 2020 - alle stasies was basis, enkele kategorie - is bekend gemaak.

1ste Carl Minne, ZS6CBQ - 142 413 punte

2de Rickus de Lange, ZS4A - 30 149 punte

3de Christiaan Greyling, ZR6AUI / 4 - 22 807 punte

PARK SNUFFELMARK 31 OKTOBER 2020

Die Pretoria Amateur Radioklub, hou hul volgende snuffelmark op Saterdag 31 Oktober 2020 by die Pretoria Ou Motorklub in Keuningstraat, Silverton. Die hekke sal om 09:00 vir verkopers open en 10:00 vir die res. Daar is 'n groot oop area onder koelte bome vir verkope uit bakkies of waentjies. 'n Beperkte aantal tafels is ook beskikbaar. Covid 19 voorskrifte sal streng toegepas word. Om 'n tafel te bespreek, kontak asseblief vir Almero du Pisani, ZS6LDP op mobiel 083 938 8955 of stuur 'n e-pos aan almero.dupisani@up.ac.za. Almal is welkom.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is slegs 'n enkele sonvlek met 'n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Daar word nie enige sonfakkels verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Danksy die onlangse dag-en-nag-ewening kan radio amateurs veral met sonsondergang goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. 10 m kan ook in die laat middag verras. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

24 en 25 Oktober - die CQ WW DX ESB kompetisie

31 Oktober - die SARL 95 40 m Klub Naelloop

07 November - die RaDAR Uitdaging

14 November - die Overberg ARK-jaareindfunksie

14 en 15 November - die SARL BHF/UHF-analoog kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die kantoor by die NARS is op Maandag 19 Oktober vir sake gesluit. Kelley sal weer Dinsdag 20 Oktober op kantoor wees.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.